

## **Bid van harte tot die enige, ware God**

In Jakobus 1:6-8 en 4:3 leer die apostel dat daar 'n verkeerde manier is om te bid en dat sulke gebede nie deur die Here verhoor sal word nie. Daarom is dit noodsaaklik dat ons in die Belydenis 'n opsomming het hoe 'n gebed lyk wat wel vir God aanneemlik is.

Die saak wat ons in hierdie oordenking gaan behandel, is die adres van ons gebed. Wie moet ek in my gebed aanroep en hoe moet ek dit doen?

Wanneer ons bid, moet ons ons gebed rig tot die enige God soos Hy Hom in sy Woord openbaar. Ons gebed word dus nie gerig tot 'n onbekende mag wat iewers in die lug rond-dwaal nie. Ons gebede is ook nie skote in die duisternis met die hoop dat iemand dit sal hoor nie. God het ons presies geleer Wie Hy is en waartoe Hy in staat is. Hy is die lewende God wat, in sy Seun Jesus Christus se versoening aan die kruis, vir ons 'n weg tot sy troon bewerk. Jesus die Here bewerk vir ons 'n weg tot sy eie Vader. Daarom leer ons ook om Hom as Vader in ons gebede aan te roep, want ons ken Hom en Hy ken ons.

Ons gebede moet natuurlik ook "hartlik" wees. Dit beteken dat ons nie 'n rymple herhaal wat ons sonder eerbied en opregtheid elke dag opsê nie, maar soos Christus met diep konsentrasie wat bloedsweet uit ons tap, vanuit ons harte tot Hom moet spreek. So sal God ons ook as sy kinders met groot liefde aanhoor en soos Christus dit beloof, in sy Naam verhoor. Ons roep ons Vader dus met die wete dat ons gelowige gebede sekerlik verhoor sal word.

*Sing: Psalm 150-1:1-3*

*Ds. HFR (Riekert) Pelser (Vaalharts)*